# DIE SKIETLOOD

172ste Uitgawe 15 November 2019
saam met Koersvas 172


## DIE KERK VANDAG: ENKELE OPMERKINGS.

Die kerk, dit wil sê die “onderdane” van die Kurios = die Here, was nog altyd ’n eie-soortige liggaam in die wêreld. Daarom het die kerk ook ’n eie-soortige struktuur - anders as alle menslike organisasies: die kerk bestaan uit gelowiges wat deur God geroep en geteken is met die doop. So is die kerk ’n gemeenskap van gelowiges wat so in die wêreld probeer leef dat nie net hulle dankbaarheid teenoor God sigbaar word, maar ook dat hulle kinders-van-God is wat hulle medemens oproep om te luister na die Evangelie van Jesus Christus.

In een van die kerk se Geloofs-belydenisse word die kerk so omskrywe: “Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: wanneer die kerk die Evangelie (m.a.w. die Goeie Boodskap van Jesus Christus) suiwer preek; die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf. Kortom: wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwer Woord van God (die Bybel) gedra, alles wat daarteen in stryd is verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken.” (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 29). Uit hierdie beskrywing van die kerk word dit duidelik dat die lidmaatskap van die kerk deur God bepaal word en nie deur die mens se keuse nie ... . So word die kerklike lidmaat daardeur onderskei dat hy reeds as kind gedoop is en dan, na sy kerklike opvoeding, toegang tot die sakrament van die Nagmaal kry. So word dit duidelik dat lidmaatskap van die kerk ook verantwoordelikhede op die skouers van die lidmaat plaas. Maar die alles-belangrike is dat Christus Sy hand op Sy uitverkorenes lê en hulle deel van die kerk maak (Let maar op die uiteensetting van die Dordtse Leerreëls van 1619). Die kerk is dus anders as ’n gewone menslike vereniging waar die mens besluit. Die kerk is die mense wat Christus versamel het om sy volk te wees en om in die wêreld Hom te dien en Sy Evangelie uit te dra. In die Bybel word dit verduidelik deur die beskrywing van die kerk as ’n kudde skape waarvan Christus die Herder is. En nou het Christus na Sy hemelvaart Sy kudde toevertrou aan Sy **diensknegte** wat Hy geroep het om Sy kerk te versorg. So gesien is die ampsdraers in die kerk nie die leiers wat deur die lidmate gekies word om die saak van die kerk te bevorder nie - soos in die geval van ’n menslike vereniging nie. Die ampsdraers is diensknegte van Christus wat Hy geroep het om die Evangelie te verkondig en om die gelowiges bymekaar te hou en voor te gaan in ’n lewe van dankbaarheid waartoe die gelowiges geroep is. Dan is daar ’n derde groep diensknegte wat met die Woord en daad hulp moet verleen aan die gelowiges.

So gesien is die die kerk = die gelowiges ’n eiesoortige struktuur want die rigtingwyser vir hulle lewe is die Woord van God = die Bybel en nié die filosofieë of ideologieë van die wêreld nie. Daarom het die ouderling die taak van “grens-bewaker” om so die gelowiges deur die wêreld op koers te hou in gehoorsaamheid aan die Woord en reël van God. So gesien, is die Geloofs-belydenisse van die kerk die geskrifte wat die grense van die kerk as ’n

geloofsgemeenskap trek ... maar die vraag in ons dae is of die lidmate en die ampsdraers die Geloofsbelydenisse so ken en verstaan dat hulle begryp dat die kerk ook grense het ... .

In ieder geval, nou is dit so dat in die huidige tydsgewrig, die owerheid nie meer ’n Christelike owerheid is nie. Dit beteken dat die kerk in ’n sekere sin ’n vreemdeling in die land geword het, want die Christelike geloof en die Christelike waardes is na die magsoorname deur die ANC in 1994 eenkant toe geskuif. Die kerk word nog verdra in die nuwe bedeling, maar die Christelike waardes is eenkant toe geskuif. Daarom is die Christelike godsdiens-onderrig in die openbare skole afgeskaf en het, byvoorbeeld, die Sondag sy karakter as kerk-dag verloor en het die Kerk, die Bybelse geloof en waardesisteem na die agtergrond van die openbare lewe verskuif.

Die situasie, so lyk dit, het baie mense voor ’n nuwe keuse gestel ... en dit het, onder andere, beteken dat, byvoorbeeld, die Ned. Hervormde Kerk vanaf die negentigerjare omtrent die helfte van sy lidmate verloor het ... . Miskien het dit ook gebeur omdat daar lidmate was wat nie kans gesien het om vas te staan by die standpunt van die Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 32 wat stel: “En daarom verwerp ons alle menslike uitdinksels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing.”

**Wat beteken dit vir die kerk?**

Vir die kerk vandag of vir die gelowiges het dit ’n totaal nuwe situasie geskep want hulle moes aanpas om as gelowiges in ’n gemeenskap te leef wat op die grondslag van ’n wêreldse ideologie gebou is en terselfdertyd hulle geloof en Christelike waardes handhaaf. Die verandering het skielik vir die gelowiges voor die situasie te staan gebring waar hulle nie meer in ’n Christelik-bepaalde gemeenskap leef nie maar dat ander norme nou voorrang gekry het. Uit die aard van die saak het dit die verantwoordelikheid van elke gelowige om vas te staan by sy Christelike belydenis skerp na vore gebring. Daarby het die verantwoordelikheid van gelowige ouers om hulle kinders op te voed met kennis en insig van die Bybel se boodskap baie groter en belangriker geword omdat die kind in die skool en in die wêreld nie meer in ’n Christelike gemeenskap groot word nie, maar in ’n wêreld waar dikwels ander waardes as in die Christendom geld. Skielik het huisgodsdiens, die volgehoue lees van die Bybel en ook kennis van die kerk se leer, soos saamgevat in sy Belydenisskrifte, noodsaaklik geword.

En nou is dit juis ’n yslike probleem ... want ons mense lees nie meer nie! Danksy die TV wil ons net prentjies kyk ... en al wat die TV uitbeeld is die wêreld sonder Bybel en sonder God!

Sou daar lidmate wees wat elke jaar twee maal die Bybel deurlees van Genesis tot Openbaringe, soos die Kerkhervormer Martin Luther dit gedoen het? Maar as ons nie die Bybel lees nie hoe sal ons weet watter eise God aan ons stel en watter beloftes op ons wag? Dan kan mens ook vra : ken ons lidmate nog die inhoud van die Belydenisskrifte van ons kerk? Merkwaardig genoeg is dit vanjaar 400 jaar gelede dat die Nederlandse Kerk in sy sitting in die stad Dordrecht ’n uitvoerige uiteensetting gegee het van die leer van die Uitverkiesing, wat ’n

besonder troosryke uitspraak is as 'n mens dit sorgvuldig deurlees, want dit leer ons iets van God se ontferming oor ons wat mens is wat immer in opstand teenoor ons Skepper is ... . Maar die saak is byna nêrens gedenk nie ... .

Nou kan gevra word: ken die lidmate, die gelowiges, die Belydenisskrifte van die kerk, die kerklike Formuliere vir die bediening van die Doop en die Nagmaal en die bevestiging van ’n huwelik ... asook die Formuliere vir die Bevestiging van Ampsdraers ... want so kan ons leer hoe die kerk leer en dink en doen.

Nou kan ook gevra word: is daar nog ouers wat self hulle kinders gereeld godsdiensonderrig gee ofwel katkiseer? Is daar ouers wat saam met hulle kinders die Bybel lees en dit vir hulle uitlê ? Dink bietjie daaraan dat elkeen van ons , met die doop van ons kinders, **Ja!** geantwoord op die vraag: “Beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind van u, sodra hy dit kan verstaan, hieroor na u vermoë te onderrig of te laat onderrig?

Dit is ’n lastige situasie, want ons ouer geslag het groot en oud geword in ’n Christelike gemeenskap en ons kinders het ook nog so grootgeword sodat lidmaatskap van die kerk en ’n Christelike lewenstyl byna vanselfsprekend was ... maar dit bestaan nie meer nie. Nou is dit opvallend, veral in gemeentes van die Afrikaanse kerke, dat die Sondagse godsdiensoefening byna net deur ouer mense bygewoon word ... daar is byna nie meer jong mense in die kerk nie. Dan kom die vraag na vore: het ons as ouers werklik die beloftes wat ons met die doop van ons kinders afgelê het, volledig nagekom?

As 'n mens nou terugkyk in die geskiedenis dan is dit opvallend hoe selfversorgend die vadere op kerklike gebied was in daardie jare toe hulle die kerk in stand moes hou sonder voltydse predikante in hulle midde en sonder reëlmatige godsdiensoefeninge. Maar hulle het hulleself as ’t ware “bewapen” nie net met die Bybel nie, maar ook met boeke. Dit was teologiese en populêr-teologiese geskrifte wat die vadere, saam met die Bybel, gelees het en herlees het en met mekaar bespreek het.

So is dit is my oortuiging dat, byvoorbeeld, die aflê van ’n Gelofte aan God in ’n noodsituasie, soos die Voortrekker-Gelofte van Desember 1838, se oorsprong gevind kan word in die populêre Dogmatiek van W **à** Brakel se **Redelyke Godtsdienst** van 1736, waar hy ’n hele hoofstuk wy aan die saak van ’n Gelofte. En daardie tweedelige boek van Brakel is deur die meeste Voortrekkers nie net besit en gelees nie, maar hulle het ook die inhoud daarvan geken. Geen wonder nie dat hulle in staat was om sulke deeglike fondamente te lê waarop die kerk gebou was ... .

Net soos die voorgeslag leef ons vandag in ’n nie-Christelike omgewing. Dan is die antwoord tog dat elke gelowige sy Bybel sal lees en her-lees om so geestelike voedsel vir elke dag te kry. Dit gaan tog daarom dat ons God se Woord en Sy beloftes sal lees en verstaan en om daarop ons lewe te bou. Maar, terselfdertyd, moet elke huisgesin tog, langs die Bybel, ’n bibliotekie van stigtelike boeke opbou om so raad en steun te vind vir die lewe in ’n sekulêre wêreld. As daar aan so iets gedink word dan kan mens dink aan iets soos die **Kerklike Diensboek** van die NHK waarin die Belydenisskrifte en die Kerklike Formuliere opgeneem is. In die laaste tyd

het dr. Johan Otto ’n netjiese uiteensetting van die Nederlandse Geloofsbelydenis gepubliseer ... al wat nou nodig is dat hy dit in boekvorm moet laat verskyn. Dan het dr Hennie Botes ’n netjiese uitleg van die Heidelbergse Kategismus, ’n jaar of wat gelede gepubliseer wat baie goed bruikbaar is. Die belangrike is egter nie net dat mens die boeke sal koop nie, maar sal **lees en her-lees.**

As dit alles gesê is, dan moet tog weer daarop gewys word dat die kerklike ampsdraers = die diensknegte van die Herder wat Sy kudde moet oppas en versorg totdat Hy terugkom, ook weer opnuut sal kyk na die situasie waarin ons vandag verkeer. Nou, miskien nadrukliker as in die verlede, so lyk dit, moet die ouderling en die predikant, huisbesoek by die gelowiges, nie verwaarloos nie. Immers deur die huisbesoek kan die diensknegte van Christus vasstel wat die toestand van die kudde van die Here is wat hulle geroep is om op te pas. Daarby is die huisbesoek die maklike manier om die gemeente saam te snoer om as ’n lewende getuie van Christus die Here, in die wêreld te staan. Dit is waar dat huisbesoek opoffering, inspanning en harde werk is ... maar en dit is ’n groot maar, as ons Here Jesus Christus, die Groot Herder Sy kudde so hoog aangeslaan het dat Hy Homself vir hulle aan die kruis geoffer het, hoe kan die diensknegte van so ’n Herder, nie tyd en gerief opoffer om die kudde van die Herder te besoek nie?

Sonder om te oordryf, kan ons stel: Ons leef in ’n kerk-vyandige wêreld en die Bybelse Christendom word oral in die wereld eenkant-toe gedruk ... . Ons het, byvoorbeeld op die kerklike terrein en in ons midde die “Bybelwetenskaplikes” wat uit pure geleerdheid die Bybel verwerp as “menspraatjies oor God”. So word die kerk op verskillende maniere ondergrawe, want in en rondom die kerk leef die mense wat, soos die Heidelbergse Kategismus dit uitdruk: “van nature geneig is om God en sy naaste te haat”. Immers, die Christelike waardes en lewenswyse word in ons tyd, wêreldwyd, al meer op die agtergrond gestoot ... die mens is glo oppermagtig en tot alles in staat en hy sal sy eie paradys op aarde bou ... en dan moet mens maar die Sondagkoerante lees om te kyk hoe lyk hierdie “paradys” ... .

In so ’n wêreld moet ons vasstaan as gelowiges, as kinders van die Almagtige God, as skape van die kudde van die Goeie Herder. Dit beteken: ons het in hierdie saak nie ’n keuse nie. Omdat God ons geroep en aangeneem het in Sy kerk, Sy kudde, is dit ons taak om vas te staan in die geloof in ons God en Verlosser. Daarby, moet ons uit dankbaarheid teenoor die Here, volgens Sy wet leef as Sy getuies in die wereld leef om so ons medemens, ons gemeente en ons kerk op te bou in geloof en diensbaarheid aan die Drie-Enige God.

A D Pont.

5 November 2019.